Wes-Kaapse Regering

Landbou

Gebiedsbeplanning : ‘n gids vir die boer

Departement van Landbou

LandCare en Gebiedsbeplanning: ‘n Gids vir die boer

Beatrice Conradie

Centre of Social Science Research en Ekonomie Departement, Universiteit van Kaapstad

Francis Steyn

LandCare, Departement Landbou (Wes-Kaap)

Hennis Germishuys

LandCare, Departement Landbou (Wes-Kaap)

Inleiding

Die koste-knyptang , mark deregulasie en omgewings- en arbeidswetgewing wat na die landbou uitgebrei is, veroorsaak dat groot dele van die platteland tans in die moeilikheid is. In die Wes-Kaap lê die probleem veral in die Karoo distrikte (Conradie et al., 2009).

Die negatiewe gevolge van ‘n gebrek aan winsgewindheid in die landbou kring wyd uit. Familieplase word verkoop aan buitelanders wat wildplase daarop begin of sommer die grond net wil hê. Selfs al word ‘n plaas aan ‘n buurman verkoop, is daar een gesin minder in die wyk en moet die plaas se werkers maar hulle eie heil op die dorp of teen die pad uitwerk. Dit is so dat in die meeste gevalle op die platteland, ‘n distrik se boerdery-ekonomie gelyk is aan die dorp se ekonomie. As boerdery dus ingee, stort die dorpsekonomie ook ineen, met gevolglike verlies aan skole, hospitale, besighede, ensovoorts. Die tragedie is uiteindelik werkloosheid vir wit, bruin en swart, hoewel ons weet dat die plaaswerkergemeenskap in die proses waarskynlik buite verhouding swaar kry.

Onder sulke desperate omstandigheide lei die natuurlike omgewing gewoonlik ook skade. ‘n Mens neem dit waar in toenemende gronderosie, riviere wat gaan staan en veld wat uitgetrap word of deur indringerplante oorgeneem word. Dit is nie soseer dat boere nie verstaan wat met die omgewing aan die gebeur is nie, maar is bloot ‘n geval dat daar nie geld beskikbaar is om beter na die omgewing om te sien nie. Waar die platteland eers ontvolk het, is daar nie werklik ‘n manier om die proses weer om te keer nie.

Voorkoming is dus gevolglik beter as genesing, maar dis nie so eenvoudig nie aangesien die kern van die probleem in wêreldwye markkragte geleë is.

Die Departement Landbou (Wes-Kaap) staan egter gereed om die boerdery gemeenskap by te staan. Die hulp kom van ‘n afdeling wat as “LandCare” bekend staan, deur middel van ‘n proses wat as “gebiedsbeplanning” bekend staan. Gebiedsbeplanning is ‘n holistiese benadering tot volhoubaarheid waarin elke plattelandse gemeenskap met die hulp van die staat sy eie heil kan uit werk (Steyn, 2008). LandCare mobiliseer gemeenskapsorganisasies, nie-regeringsorganisasies en privaat individue om saam te werk om ‘n plan te formuleer en uit te voer (Molope, 1999; Steyn, 2008).

Hierdie boekie gee die agtergrond tot LandCare en gebiedsbeplanning en verduidelik stap vir stap wat ‘n boerderygemeenskap moet doen om homself te help. Dit gee kortliks die LandCare geskiedenis en filosofie. Dit verduidelik die gebiedsbeplannings proses in detail en lê klem op wat boere moet doen om betrokke te raak. Dit gee ook kortliks ‘n voorbeeld van waar grondeienaars reeds hande gevat het en nou die vrugte van hulle samewerking begin pluk. Die boekie sluit met praktiese raad en kontakbesonderhede.

[1]Die rieële prys van melk het met 1.2% per jaar gedaal tussen 1970 en 2008. Vir wol was die daling 0.9% per jaar. In dieselfde periode het die rieële prys van brandstof met 2.1% per jaar gestyg.

LandCare uit Australië

LandCare is in die vroeë 1980s in Australië gebore omdat boere en grondbewaringsamptenare oor die agteruitgang van die grond bekommerd was. Tans is LandCare veel meer. Dit is ‘n breë beweging van vrywilligers uit alle sektore van die samelewing wat saamwerk om alle elemente van ‘n gesonde omgewing te bevorder.

In 1985 was daar slegs vyf groepe in Australië wat hulleself LandCare genoem het; in 1989 is die beweging formeel van stapel gestuur en teen die jaar 2000 was daar 4,000 groepe wat die LandCare beginsels uitgeleef het. Die beweging groei steeds.

Die kernbeginsels van die Australiese LandCare program is dat dit 1) **vrywillig** is, 2) **vir almal** is, 3) dat groepe uit mense wat ‘n **gemeenskaplike doel** het bestaan, 4) ‘n **geïntegreerde benadering** tot probleemoplossing bied en 5) **selfbeskikking** vir plaaslike groepe moontlik maak. Daar is skoolkinders wat LandCare doen (soos wat ons vir jare Landsdiens in Suid-Afrika gehad het); daar is pensionarisse wat LandCare doen; daar is boere wat dit doen. LandCare het soms ‘n spesifieke fokus, byvoorbeeld op ‘n rivier, in welke geval die groep dan as “River Care” bekend staan. Name verskil, maar die beginsel bly dieselfde.

Die LandCare werkswyse is ‘n bewusmakingsproses wat deur middel van ‘n “Community Action Grant” van stapel gestuur word. Dit het ten doel om grondgebruikspraktyke te beïnvloed om daardeur ‘n gesonder en meer volhoubare omgewing te bewerkstellig (Commonwealth of Australia, 2011). Gemeenskapsbetrokkenheid word as die katalisator beskou. Die program se fokus is plaaslik, op plaaslike probleme. Die vier belangrikste pilare waarop die Australiese program bou, is voedselsekerheid, natuurbewaring, ‘n tydige en behoorlike respons tot klimaatsverandering en die gebruik van vrywilligers.

Die beweging se vordering word gemeet aan 1) die mate waartoe die algemene publiek van LandCare bewus is, 2) die hoeveelheid grond waarop minimum bewerkingspraktyke toegepas word, 3) die hoeveelheid plase wat ‘n omgewingsbestuursplan het, 4) die hoeveelheid plase waarvan die omgewingsbestuursplan die buurman se plan in ag neem en 5) die omgewingsbestuursplanne wat deel uitmaak van ‘n gebiedsplan.

Van Grondbewaring tot LandCare Suid-Afrika

LandCare Suid-Afrika deel volledig in die Australiese visie. Die geskiedenis van LandCare Suid-Afrika lê in die Departement Landbou se Grondbewaringsafdeling. As gevolg van ‘n groeiende gewaarwording van die belangrikheid van alle hulpbronne (nie slegs die bodem nie) is die naam “Grondbewaring” tydens die 1990s na “Hulpbron Bestuur” verander. Op daardie stadium is die afdeling se mandaat uitgebrei om benewens grond ook biodiversiteit, indringer plante, water en so meer in te sluit. Al hierdie elemente moes in individuele plaasplanne saamgevoeg word met die oog op groter ekologiese volhoubaarheid.

Die verdere oorgang na LandCare het in 1999 na uitgebreide insette deur LandCare Australië op nasionale vlak, plaasgevind. Molope (1999) verduidelik dat LandCare Suid-Afrika nie net in lyn met die grondwet is nie, maar ook voldoen aan die Verenigde Volke se Volhoubare Ontwikkelings Agenda. Volgens die grondwet het elke Suid-Afrikaner die reg tot ‘n natuurlike omgewing wat nie skadelik is nie en het voorts die reg tot die bewaring van genoemde omgewing. LandCare Suid-Afrika is die staatsorgaan wat hierdie doelwitte moet nastreef. ‘n Program wat teen 2003 in plek moes wees, het ten doel gehad om die individuele plaasplanne saam te voeg in ‘n geïntegreerde gebiedsplan vir elke gebied.

Volhoubaarheid is die vermoë om tot in ewigheid met huidige bedrywighede te kan voortgaan sonder dat

hulpbronne agteruitgaan. Volhoubaarheid kan op die persoonlike vlak toegepas word; elke persoon behoort binne sy of haar vermoë te leef en hulpbronne so te bestuur dat hulle instand gehou word.

Voorts moet 'n gemeenskap verseker dat gesamentlike bronne so benut word dat hulle nie agteruit gaan nie. Dit is egter makliker gesê as gedaan, want dit is nie so maklik om uit te werk wie wat kry en wie waarvoor verantwoordelik is nie. Die Suid-Afrikaanse regering fokus baie sterk op die regverdige toegang tot bronne, veral vir voorheen benadeelde Suid-Afrikaners. Vir die regering is sosiale volhoubaarheid dus gelyk aan regverdige toegang tot hulpbronne vir almal.

'n Mens kan selfs volhoubaarheid verder neem na volhoubaarheid oor tyd, wat beteken dat die huidige geslag so behoort op te tree dat toekomstige geslagte se vermoë om na hulleself om te sien, nie benadeel word nie. Die LandCare filosofie ondersteun die gedagte van regverdigheid ook oor tyd, maar laat deur middel van die proses van gebiedsbeplanning toe dat 'n bepaalde gemeenskap sy eie heil uitwerk, mits die plan aan die regering se sin van regverdigheid voldoen.



Figuur 1: Volhoubare ontwikkeling (Barbier, 1987)

Barbier (1987) was die eerste persoon om volhoubare ontwikkeling met drie oorvleuelende sirkels te illustreer. Met ander woorde, 'n projek, program, bedryf of gemeenskap behoort al drie komponente van sosiale volhoubaarheid, ekonomiese volhoubaarheid en ekologiese volhoubaarheid te bevat om werklik as volhoubaar te kwalifiseer. 'n Mens sou kon redeneer dat sommige van die misverstande tussen die landboubedrywe en die regering neerkom op waar presies die prioriteit behoort te val. Die landbou prioritiseer produksie. Omgewingsake beywer hulle vir bewaring. Maatskaplike Dienste wil eers aan almal se minimum behoeftes voldoen voordat bronne beskikbaar gestel word vir produksie of vir bewaring. Die punt van LandCare is dat nie een van die uitsluitlike perspektiewe kan werk nie. Dit help nie die boerderygemeenskap is kompeterend maar verwoes die omgewing of kyk nie behoorlik na sy arbeidsmag nie. Maar aan die anderkant is dit ook waar dat dit winsgewende produksie is wat uiteindelik vir sosiale ontwikkeling en bewaring moet betaal. In LandCare gaan dit daaroor om die doelwitte van winsgewindheid, sosiale regverdigheid en ekologiese volhoubaarheid op een plaas en binne 'n area met mekaar te trou.

LandCare Suid-Afrika het presies dieselfde visie as die Australiese program. Dit gaan daaroor om beleid te koördineer, staatsamptenare te kry om saam te werk, voedselsekerheid en volhoubare produksiemetodes te bevorder. Die doelwit van werkskepping om sosiale volhoubaarheid na te streef is egter uniek aan die Suid-Afrikaanse program (Malope, 1999). LandCare is bedoel om die breë regeringsdoelwitte na te streef en nie net bloot 'n subsidie program aan kommersiële boere te wees nie. Dit kan nie teenstrydig met ander landswette wees nie en LandCare is veronderstel om by te dra tot die ontwikkeling van klein-sake ondernemings. Bo alles moet LandCare begrip vir die beginsels van holistiese volhoubaarheid onder die algemene publiek kweek. Tabel 1 lys die spesifieke doelwitte en sommige van die aktiwiteite wat Malope (1999) destyds vir LandCare voorgestel het.

Tabel 1: Doelwitte en aktiwiteite vir LandCare Suid-Afrika (Malope, 1999)

Doelwitte	
1.	Koördineer die bestuur, bewaring en rehabilitasie van natuurlike hulpbronne vir maksimum volhoubare benutting;
2.	Kweek 'n verhouding met grondeienaars waar binne inligting uitgeruil kan word om volhoubare bodembenutting te bevorder;
3.	Ontwikkeling van netwerke binne die regeringsektor met die oog op beter dienslewering;
4.	Bevorder kennis;
5.	Beperk hulpbron benutting waar moontlik tot volhoubare vlakke;
6.	Beskerm die ekologiese integriteit van stelsels, veral teen onomkeerbare skade en
7.	Bewaar biodiversiteit.
Aktiwiteite	
1.	Bou en onderhou grondbewaringswerke;
2.	Prioritiseer gronderosieprobleme vir rehabilitasie;
3.	Bekamp bosindringing;
4.	Bekamp die verspreiding van indringer plante en diere;
5.	Bestuur rivieroewers;
6.	Ontsluit die ekonomiese potensiaal van inheemse plante;
7.	Ondersteun geïntegreerde grondgebruiksprojekte;
8.	Opleiding en
9.	Stig en ondersteun LandCare groepe en ander groepe wat hulle vir holistiese bewaringsbeginsels beywer.

Sommige van die aktiwiteite wat hier gelys word was binne die mandaat van die ou afdeling Grondbewaring, maar die lys is nou meer omvattend om voorsiening te maak vir die ontwikkeling van netwerke van amptenare en gemeenskapsorganisasies wat hulle vir holistiese bewaring beywer.

Die voordele van LandCare sluit bewusmaking van omgewingskwessies, die skep van vennootskappe wat konflik oor hulpbronne verminder en kan besleg, die ontwikkeling van plaaslike leierskap op die gebied van bewaring, koördinering van dienslewering oor alle staatsdepartemente heen, die bevordering van goeie grondgebruikskeuses, en die skep van 'n klimaat vir inklusiewe besluitneming in (Steyn, 2008). Volgens Germishuys et al. (2011) is die belangrikste kenmerk van LandCare egter dat dit makrobeplanning afwentel na 'n plaaslike vlak waar dit sin maak vir 'n groep boere wat op dieselfde manier oor 'n saak dink. In die opsig gee gebiedsbeplanne hande en voete aan munisipale Integrated Development Plans (IDPs) wat dikwels nie die vermoë het om projekte tot voordeel van die mense te kies, van stapel te stuur en behoorlik te bestuur nie.

Hoewel LandCare 'n holistiese benadering is, beskryf Malope (1999) tog ses stappe wat gevolg moet word om die proses uit te voer: 1) **Bewusmaking** 2) Die ontwikkeling van **kapasiteit** in die staat en in gemeenskappe 3) Die ontwikkeling van **gebiedsplanne** (m.a.w. die gebiedsbeplanningsproses) 4) Projek **implementering** 5) **Monitering** deur die gemeenskap 6) **Terugvoering** aan gemeenskapslede en relevante staatsamptenare.

Gebiedsbeplanning

Wanneer 'n enkele plaasplan ter sprake is, begin Stap 3 (beplanning) dikwels langs die kombuistafel tussen die

boer en die betrokke LandCare amptenaar. Die beplanningsoefening word uiteindelik die voertuig vir Stap 2 (die skep van kapasiteit by die grondeienaar). Die individuele plaasplan en die gesprek met die grondeienaar is steeds belangrik tydens die gebiedsbeplannings proses, maar vir gebiedsbeplannings doeleindes moet beplanning ook op 'n meer formele vlak gebeur. Die opstel van individuele plaasplanne dien dan as 'n voorbereidings- of bewusmakings-fase vir die opstel van 'n gebiedsplan.

Gebiedsbeplanning is die standaard manier waarop hulpbronprobleme in die VSA aangespreek word (NRCS, 2007). Daar word in die proses deur konsensus 'n gemeenskaplike plan tussen alle rolspelers beraam. Hierdie plan verwoord gemeenskaplike probleme en 'n gedeelde toekomsvisie van hoe die gemeenskap as geheel op 'n meer volhoubare voet geplaas kan word. Soos met LandCare staan gemeenskapsbetrokkenheid sentraal in gebiedsbeplanning. In gebiedsbeplanning gaan dit dus net soveel oor die proses wat gevolg word as oor die plan wat uit die proses vloei.

In Suid-Afrika waar gebiedsbeplanning een van die hoof werkswyses van die LandCare beweging is, weerspieël ons die feit dat die beginsels van Australiese en Amerikaanse stelsels tot 'n groot mate oorvleuel. Die werklike verskille tussen die twee stelsels is min, maar is tog belangrik om te verstaan. 1) LandCare is die filosofie terwyl gebiedsbeplanning die werkswyse is. 2) LandCare (Australië) is vrywillig en uit-en-uit afhanklik daarvan dat die gemeenskap leiding neem. Gebiedsbeplanning (VSA) is 'n staatsinisiatief wat met die goedkeuring van die gemeenskap uitgerol word. Die verskil is baie belangrik. In Suid-Afrika kan gebiedsbeplanning slegs werk indien 'n gemeenskap dit as 'n hulpmiddel om hulleself te help sien en benut.

Tabel 2: Gebiedsbeplanningstappe (NRCS, 2007)

Fase 1: Inisiasie	
1.	Identifiseer bedreigings en geleenthede;
2.	Besluit oor 'n gemeenskaplike doelwit;
3.	Doen 'n opname oor die stand van hulpbronne, en
4.	Interpreteer die resultate van die status quo opname.
Fase 2: Beplanning	
5.	Formuleer alternatiewe projekte (proto-planne);
6.	Evalueer die proto-planne, en
7.	Kies die beste plan.
Fase 3: Implementering	
8.	Implementeer;
9.	Evalueer die projek en pas aan indien nodig, en
10.	Sluit af en beweeg aan.

LandCare

Gebiedsbeplanning is stap 3 in die LandCare proses, maar dit bestaan self weer uit drie fases en tien onderafdelings (Tabel 2). Die fases is belangrik. In fase 1 word daar nog nie eers beplan nie, daar word slegs geïnisieer. Ons doen 'n status quo opname van fisiese en menslike hulpbronne, identifiseer geleenthede en bedreigings, en besluit hoe ons kan saam werk en wat ons doelwit is. Eers wanneer al die dinge uitgesorteer is, kan 'n mens beplan vir bepaalde projekte. Dit is fase 2. Fase 3 van gebiedsbeplanning is identies aan die laaste drie stappe van die LandCare proses soos Malope (1999) dit verduidelik. Wat dit eintlik maar sê is indien 'n mens behoorlik inisieer en beplan, volg implementering en evaluering amper outomaties.

In die Amerikaanse gebiedsbeplanningsstelsel word daar na vier aparte funksies verwys. Daar is 'n **strategiese span** wat die partye bymekaar bring en aanvanklik die leiding gee. Hulle funksie is om die proses te bestuur,

terwyl die werk elders gedoen word. Die strategiese span moet net die proses aan die gang kry, dit op koers hou en dit deursien tot aan die einde. Dit is die strategiese span se werk om die idee van gebiedsbeplanning te verkoop en te verduidelik hoe dit werk. Wanneer daar konflik ontstaan is dit hulle werk om te fasiliteer en die reëls van die spel af te dwing. Die strategiese span is 'n klein groepie wat bestaan uit 'n verteenwoordiger uit staatsgeledere en 'n leierboer, moontlik met die ondersteuning van 'n navorser wat spesialiseer in prosesbestuur. Hierdie mense moet leer om oor die gewone grense heen met mekaar te kommunikeer en mekaar te vertrou. Hulle moet voorbeelde wat werk gaan soek en besluit hoe om die ervaring vir hulle eie konteks aan te pas.

Die rol van die **amptenary** is hoofsaaklik om tegniese insette te lewer. Die relevante amptenaar moet byvoorbeeld die GIS kaarte voorberei, terwyl twee ander amptenare die aanvanklike status quo opname aan die ekologie en sosiale kant moet doen. Daarna moet die resultate verwerk word en in 'n toeganklike manier opgeskryf word sodat dit in die beplanningsproses gebruik kan word. Die amptenare sal uiteindelik waarskynlik oor die tegniese kundigheid beskik om die lewensvatbaarheid van 'n bepaalde besigheidsplan te kan beoordeel. Waar die amptenaar op die grond nie oor die nodige kundigheid beskik nie, behoort hy of sy dit uit 'n sentrale poel te kan bekom.



Figuur 2: Komponente van die gebiedsbeplanningsproses

Die derde groep is die **beplanningsspan**. Die groep bestaan uit gemeenskapslede wat op 'n vrywillige basis baie van hulle tyd spandeer om namens die gemeenskap te beplan. As die doel van die gebiedsbeplanningsoefening byvoorbeeld is om 'n rivierloop te rehabiliteer, sal die beplanningsspan moet besluit waar die werk gaan begin, hoe dit gaan verloop, op watter basis daar skoongemaak gaan word, hoeveel werkers aangestel gaan word en wie oor die werk toesig gaan hou. Hulle gaan opdrag gee vir die navorsing wat nodig geag word om die besluit te neem. Hulle gaan planne aan besluitnemers voorlê en aan donateurs verslag doen. Aangesien die groep hoofsaaklik uit die gemeenskap kom en dus besluite gaan neem wat tot hulle eie voordeel mag wees, is dit baie belangrik dat hulle deur alle partye vertrou sal word om regverdig op te tree. Hulle moet besluite tot voordeel van die hele groep en die hele gebied neem.

Die vierde groep, die **besluitnemers**, bestaan uit die breë gemeenskap, wat in terme van LandCare Australië

sowel as die Amerikaanse stelsel, die reg tot selfbeskikking het. Die gemeenskap word tot ‘n groot mate gelei deur die tegniese en beplanningsinsette wat deur die strategiese span aan hulle voorgelê word. Die groep is passief maar het veto reg, wat die hele projek kan laat skipbreuk lei. Hulle moet deurentyd vir hulle self die voordeel van gebiedsbeplanning kan sien.

As gevolg van die komplekse verhoudings tussen en uiteenlopende verwagtinge van die vier groepe, is dit belangrik dat daar gedurig gekommunikeer word. Goeie kommunikasie sal die planne wat gemaak word, in lyn met die gemeenskap se behoeftes hou. Voldoende kommunikasie is moeilik, want gebiedsbeplanning bring mense met uiteenlopende behoeftes en agtergronde bymekaar. Landbouvoorligters moet leer om met toerisme verteenwoordigers reg te kom. SanParke moet leer om met Cape Nature te kommunikeer en kollektief moet almal leer om boere reg te verstaan en reg te laat verstaan. Eerlike kommunikasie bou vertroue en vertroue verseker goeie samewerking.

NRCS (2007) waarsku teen ses tipiese probleme. Gebiedsbeplanning faal eerstens omdat daar probeer word om gelyktydig aan te veel probleme aandag te gee. Fokus help. Dit help ook om te kies.

Tweedens, omdat daar so baie verskillende mense moet saamwerk, is die kans vir konflik baie groot. Binne die amptenary kan een spesialis maklik voel ‘n ander trap op sy tone. Die amptenaar wat op die strategiese span dien, moet hierdie proses bestuur sodat klein probleempies nie grotes word nie. Aan die gemeenskap se kant, lê die gevaar van konflik in hoe regverdig bronne toegeken word. Daar is dit belangrik dat die leierboer gedurig almal se oog op die groter doelwit hou en aanvanklik projekte kies wat ewe veel tot almal se voordeel is.

Ten opsigte van die tyd wat veral aanvanklik nodig gaan wees om die gebiedsbeplanningsproses aan die gang te kry, moet niemand onder enige illusie verkeer dat dit maklik of min werk gaan wees nie. Die Nuwejaars Vleiland Groep, waarvan die prestasies hieronder beskryf word, het toegang gehad tot die dienste van ‘n semi-afgetrede, hoogs-gemotiveerde boer wat die belange van die natuur hoog op sy agenda het. Na ses jaar was die persoon uitgeput en was dit noodsaaklik dat jonger manne met meer energie by hom oorneem. Hulle het dit nie so maklik gevind nie, aangesien hulle nog meer aktief in hulle eie besighede gestaan het as hulle voorganger.

Die derde bedreiging vir die sukses van ‘n gebiedsbeplanningsproses is die versoeking om in eindelose vergaderings wat niks bereik nie, te verval. Dit sluit by bedreiging 1 aan. Wanneer daar op een probleem of geleentheid gefokus word, is dit makliker om vergaderings ook gefokus te hou. Dit is belangrik dat elke individu sal verstaan hoe sy of haar belange by die groep se belange inpas, maar ‘n mens moet so ver as moontlik sulke gesprekke uit vergaderings hou.

Vierdens, dit is belangrik vir vordering dat die lede van die groep goed verstaan dat die groep se agenda miskien effens anders as hulle eie gaan wees. Elke persoon wat 80% gelukkig is behoort stil te bly in belang van die groter proses, al voel die persoon dat daar nou dinge gedoen word waarmee hy of sy nie heeltemal kan saam stem nie.

Die kwessie van tydsberekening is die vyfde en grootste bedreiging vir die sukses van ‘n gebiedsbeplanningsproses. Openbare fondse is gewoonlik op ‘n drie jaar siklus beskikbaar. Vir ‘n gemeenskap wat nie daarmee bekend is nie, is drie jaar te kort om die hele proses te deurloop. Die gevolg is dat daar onder druk beplan en geld spandeer word voordat die groep daarvoor gereed is. Om hierdie slaggat te vermy sou dit raadsaam wees om eers net vir geld aansoek te doen om mee te inisiëer. In die tweede en derde siklus kan dan beplan en implementeer word. Aan die ander kant is dit belangrik om nie die gemeenskap se geduld te veel te beproef nie. Daar moet gelyktydig met die inisiasie proses ‘n klein demonstrasie projek van stapel gestuur word wat aan die gemeenskap kan demonstreer dat die regering bereid is om te help.

Voorbeeld van suksesvolle gebiedsbeplanning

Die Nuwejaars Vleiland Grondeienaarsvereniging is ‘n suksesvolle voorbeeld van gebiedsbeplanning. Die groep besit 46,000 hektaar op 25 plase in die Strandveld suid van Bredasdorp. Hulle het gesamentlik ‘n klousule op hulle kaart en transport aktes aangebring wat aan ‘n deel van hulle grond permanente bewaringstatus verleen. Die 22,000 hektaar wat so bewaar word, is ‘n gebied net so groot soosdie Agulhas Nasionale Park waaraan hierdie plase grens. Hulle bewaar meer as ‘n derde van die grond wat in die middel 1990s in hulle gebied vir bewaring geoormerk is, insluitend 70% van die suidelikste varswater vleie in Afrika, 100% van die oorblywende renosterveld in die Strandveld en 40% van die raar “Elim Asteraceous Fynbos” plantegroei tipe.

Die boere was bereid om dit te doen op die voorwaarde dat hulle 1) eienaarskap van hulle grond behou, 2) met boerdery kan voortgaan om hulle huidige inkomste mee te handhaaf en 3) die geleentheid gegun word om in die toekoms waarde toe te voeg. ‘n Groot gedeelte van die gebied is met wildheining omhein, daar is reeds wild vrygelaat en daar word goeie vordering gemaak met die verwydering van indringer plante.

Dit moet duidelik gemaak word dat die Nuwejaars Vleiland Groep uit nood gebore is. SanParke het begin om grond in die omgewing op tekoop vir die Agulhas Nasionale Park. Boere was bevrees die grond rondom die vleie sou ook ter sprake kom. Om te verhoed dat hulle hulle grond verloor, het hulle saam gespan om “self” te bewaar en is daar ‘n geleentheid gebore en ‘n splinternuwe bate geskep.

Die Agulhas Biodiversity Initiative (ABI) het min of meer op dieselfde tyd tot stand gekom. ABI bevorder bewaring op die landskapsvlak. Daar is tans 19 van die landskapsaksies in bedryf oor die lengte en breedte van die Kaapse Blommeryk, maar ABI was die eerste. ABI se doelwitte was om bewusmaking van bewaring onder die algemene publiek te bevorder, volhoubare toerisme en veldblombedrywe te vestig en ‘n nuwe model vir bewaring op privaatgrond te ondersoek. Die Nuwejaars Vleiland Groep was die groep waar die nuwe bewaringsmodel getoets is. Die groep het ‘n klein hoeveelheid fondse vanaf ABI ontvang om hulleself as regseenheid op te rig en om ‘n bietjie te beplan. Die aanvanklike belegging het die groep in staat gestel om ‘n verdere R22 miljoen van die Duitse regering te bekom wat onder meer gebruik is om indringer plante te verwyder, vleilande te herstel, volhoubare energiebronne te ondersoek, ‘n beter brandplan te ontwikkel en wild in te bring. Daar is onlangs na ‘n afwesigheid van 200 jaar weer ‘n buffelkalfie in die Strandveld gebore. Betrokkenes beskryf die projek as ‘n suksesvolle huwelik tussen bewaring en boerdery.

ABI se eerste fase het in 2010 ten einde geloop, maar die Nuwejaars Vleiland Groep gaan van krag tot krag. Die groep het onlangs ‘n formele Memorandum of Cooperation met die Minister van Landbou onderteken om ten opsigte van gemeenskaplike prioriteite in spesifieke projekte saam te werk. Dit eerste projek is reeds vêr gevorder. Dit behels die omskakeling van indringerplante in volhoubare energie. Die staat skep werk en die boere kry goedkoper groen krag.

Die Nuwejaars Vleiland Groep het nooit eksplisiet as gebiedsbeplanning bekend gestaan nie, maar die proses voldoen aan al die hoofkenmerke van gebiedsbeplanning. Daar was ‘n gemeenskaplike bedreiging wat in ‘n geleentheid omskep moes word. 2) Boere het die leiding geneem. 3) Amptenare het hulle ondersteun en vir hulle befondsing gereël. 4) Hierdie amptenare het oor departementele grense met mekaar saamgewerk. 5) Die uiteinde was ‘n suksesvolle projek wat die omgewing bewaar, werk skep en 25 plase op ‘n nuwe pad van volbaarheid plaas.

Die regering se prioriteite

Planne wat die regering se doelwitte weerspieël het die grootste kanse op sukses. Dit verskyn in Tabel 3 hieronder.

Tabel 3: Nasionale, provinsiale en departementele prioriteite

Nasionale Uitkomste	
1.	Verbeter die gehalte van onderwys;
2.	Verbeter Suid-Afrikaners se lewensverwagting;
3.	Bevorder veiligheid;
4.	Bevorder behoorlike werksgeleenthede vir almal deur inklusiewe groei te bevorder;
5.	Ontwikkel die geskoolde werksmag wat nodig is om inklusiewe groei te bevorder;
6.	Doeltreffende, mededigende en buigsame infrastruktuur;
7.	Bou gesonde, regverdige en volhoubare plattelandse gemeenskappe;
8.	Gesonde en volhoubare nedersettings met 'n goeie lewenskwaliteit vir huishoudings;
9.	Buigsame, verantwoordelike en doeltreffende plaaslike regering;
10.	Beskerm en bewaar natuurlike hulpbronne;
11.	Skep 'n beter Suid-Afrika vir almal, en dra daardeur by tot 'n beter Afrika en wêreld, en
12.	Skep 'n doeltreffende en ontwikkelingsgerigte staatsdiens en 'n inklusiewe samelewing.
Provinsiale Strategiese Doelwitte (Wes-Kaap)	
1.	Skep groei- en werksgeleenthede;
2.	Verbeter die gehalte van onderwys;
3.	Verbeter toegang tot veilige en doeltreffende vervoer;
4.	Bevorder gesondheid;
5.	Bevorder veiligheid;
6.	Ontwikkel geïntegreerde en volhoubare dorpe en stede;
7.	Plaas klem op volhoubaarheid en die doeltreffende gebruik van natuurlike hulpbronne;
8.	Bevorder die gevoel van eenheid tussen landsburgers;
9.	Verlig armoede;
10.	Integreer dienslewering oor alle staatsdepartemente;
11.	Skep groeigeleenthede in plattelandse gebiede, en
12.	Skep geleenthede vir groei deur infrastruktuurontwikkeling.
Departementele temas vir Departement Landbou (Wes-Kaap)	
1.	Landelike ontwikkeling;
2.	Toegang tot markte vir alle boere;
3.	Laat voorligtingsdienste herleef;
4.	Bevorder landbou produksie;
5.	Menslike hulpbron ontwikkeling;
6.	Navorsing en tegnologie;
7.	Natuurlike hulpbron bestuur;
8.	Ontwikkelling van plaaswerkers, en
9.	Internasionale samewerking

Die Departement Landbou fokus veral op nasionale uitkoms 7, 8 en 10. Nasionale uitkoms 7 – bou gesonde, regverdige en volhoubare plattelandse gemeenskappe – word in die Wes-Kaap strategiese doelwit 7 – plaas klem op volhoubaarheid en die doeltreffende gebruik van natuurlike hulpbronne – en miskien ook doelwit 11 – skep groeigeleenthede in plattelandse gebiede. Die provinsiale strategiese doelwitte word dan aan elke departement en afdeling volgens elkeen se mandaat toegedeel. Heel bo aan die lys van Departement Landbou (Wes-Kaap) se nege prioriteite lê landelike ontwikkeling, presies die saak waarvoor LandCare hom beywer.

Gevolgtrekking

Ekonomiese druk lei daartoe dat ons nie altyd volhoubaar met mekaar en die omgewing omgaan nie. Deur so voort te gaan, ondermyn ons ons eie vermoë om opdie langtermyn te oorleef. Gemeenskappe kan kies om uit te reik na mekaar en 'n regering wat ook omgee. Die raamwerk vir die samewerking is Departement Landbou se LandCare program, deur 'n proses wat as gebiedsbeplanning bekend staan. Samewerking is op 'n vrywillige basis en daar word van grondeienaars verwag om met die betrokke amptenare kontak te maak. Fondse is beskikbaar, maar gebiedsbeplanning is nie net 'n blanko tjek nie; die regering wend beperkte fondse volgens sy eie prioriteitslys aan. Die geleentheid lê daarin om die prioriteite te identifiseer wat 'n gemeenskap met die regering in gemeen het en daarby te begin. Dit is belangrik om saam te werk aangesien dit meer koste effektief is om met groepe as met individue saam te werk.

Kontakbesonderhede

Mnr. Francis Steyn, LandCare bestuurder (Wes-Kaap), franciss@elsenburg.com, 021 808-5090

Bronnelys

Barbier, E.B., 1987. The concept of sustainable development. Environmental Conservation 14: 101 - 110

Commonwealth of Australia, 2011. Australian Framework for landcare. Australian framework for Landcare Reference Group. www.daff.gov.au/natural-resources/landcare/ the_australian_landcare_framework/ accessed: 26 October 2011

Conradie, B., Piesse, J., Thirtle, C., 2009. District level total factor productivity in agriculture: Western Cape Province, South Africa, 1952 – 2002. Agricultural Economics 40(3): 265 – 280

Germishuys, H., Carinus, T., Conradie, B., 2011. Area-wide planning as rural development tool: Bridging the gap between micro and macro planning domains. Elsenburg interne besprekingsdokument. www.elsenburg.com

Molope, M.B., 1999. Implementation for the Landcare Programme. Landcare South Africa Discussion document. www.daff.gov.za/docs/landcare/landcare.htm accessed:26 October 2011

Natural Resource Conservation Service (NRCS), 2007. Utah Areawide Planning Guide.

Steyn, F.J., 2008. Towards sustainable landcare practices in South Africa: landcare area-wide planning. Chapter 31 in: Nhira, C., Mapiki, A., Rankhumise, P. (Eds) Land and Water Management in South Africa: Towards sustainable agriculture. The Africa Institute of South Africa, Pretoria.

Departement van Landbou
Privaatsak X1, Elsenburg. 7607
tel: +27 21 808 5090 faks: +27 21 808 5092
Departementele Webtuiste: www.elsenburg.com
Provinsiale Webtuiste: www.westerncape.gov.za

Wes-Kaapse
Regering

Landbou